SA kan nie trots wees op dié syfers

John Zaaijman, Boggomsbaai

Die twee samelopende berigte op 4 Desember verwys.

Daarvolgens het die geboortesyfer (volgens Statistieke SA) afgeneem van 2,9 kinders per vrou in 1998, tot 2,4 per vrou in 2016. 'n Mens hoop natuurlik van harte dat dit waar is.

Dis baie goeie nuus. Om dit egter as 'n "demografiese winter" te beskryf, is miskien 'n bietjie ontoepaslik, gegewe ons land se gebrek aan kos en water.

Volgens dieselfde outeur kry slegs 33% van alle kinders tussen 12 en 23 maande daagliks 'n gepaste dieet. Dit sê dat al is daar minder kinders gebore, ly sowat twee derdes steeds honger!

Dr. Leana Olivier van die FARR (Stigting vir alkoholverwante navorsing) word aangehaal dat tot 78% van alle swangerskappe, in een studiegroep, onbepland was. En ook dat in die Noord-Kaap tot 28,2% van die mense aan fetale alkoholsindroom ly omdat verwagtende moeders nie oor die gevare van alkohol ingelig is nie.

Dit is al baie jare die hoogste voorkoms ter wêreld, en baie slegte nuus.

In die 1970's is daar by die Groote Schuur-hospitaal 'n studie gedoen wat soortgelyke syfers gewys het, nl. dat sowat 70% van alle swangerskappe in daardie studiegroep "onbepland, ongewens en onwelkom" was. Dit was van die vroue wat tydens die studie in dié hospitaal se kraameenheid gekraam het. Dit is baie hartseer statistieke.

Ons land se maatskaplike en mediese dienste kan nie trots wees op hierdie syfers nie. Miskien bring die nuwe (beoogde) gesondheidstelsel beter oplossings, maar ai, 'n mens het maar baie rede om te twyfel.

Die Burger 11 Desember 2018 Praat saam bls. 10